Klankgrepe en lettergrepe

’n Mens maak baie vroeg op skool kennis met **klankgrepe** en **lettergrepe**, en tog is dit nie altyd maklik om tussen die twee begrippe te onderskei nie.

Klankgrepe

Wat is ’n klankgreep?

In die *Afrikaanse woordelys en spelreëls* (AWS) word klankgrepe soos volg gedefinieer:

*’n Sillabe (ook **klankgreep** genoem) is ’n kombinasie klanke wat met een asemstoot uitgespreek word en waarvan ’n vokaal of diftong die kern uitmaak* (AWS 2017:730)

Hoe moet ons hierdie definisie interpreteer?

Die definisie sê vir ons ’n paar belangrike goed oor klankgrepe:

- Die woord “sillabe” is ’n ander naam vir ’n klankgreep. Dit kan egter verwarrend wees, want sommige skrywers noem lettergrepe ook “sillabes”.
- ’n Klankgreep het te doen met klank, wat beteken ’n mens kan dit net hoor. ’n Mens moet klankgrepe uitspreek om te weet wat dit is.
- ’n Klankgreep bestaan ten minste uit ’n vokaalklank of ’n diftong.
- Daar kan konsonante ook in ’n klankgreep wees, maar hulle gaan aan die begin en/of aan die einde van die klankgreep voorkom.

Hoe herken ’n mens klankgrepe?

In klankleer stel ons altyd gesproke taal (taal wat uitgespreek word) voor met die fonetiese alfabet, en daarom moet klankgrepe eintlik altyd in fonetiese skrif weergegee word. In taalkundeboeke dui ’n mens die woord “bobbejaan” se klankgrepe byvoorbeeld so aan: **[bɔ·bə·ja:n]**. (As jy wil weet hoe die fonetiese alfabet werk, kyk in hierdie afdeling van Taalonderrigportaal op VivA se webblad.)

Omdat die fonetiese alfabet nie meer deel is van skoolwerk nie, moet ons klankgrepe met die alfabet weergee, en dit veroorsaak gewoonlik die verwarring.

As jy klankgrepe met die alfabet voorstel, is daar nie voorskrifte of reëls wat geld nie, want dit is al klaar eintlik “verkeerd”.

Die belangrikste ding om te onthou wanneer jy klankgrepe moet aandui, is dat ’n mens op skrif ook moet probeer om die klank weer te gee, nie die spelling nie. As ’n mens byvoorbeeld die woord “bobbejaan” se klankgrepe met die alfabet moet voorstel, sal ’n mens skryf **bo·be·jaan**, want ’n mens hoor nie twee b-klanke as jy die woord uitspreek nie.

Lettergrepe

Wat is ’n lettergreep?

In die *Afrikaanse woordelys en spelreëls* (AWS) word lettergrepe soos volg gedefinieer:

’n Lettergreep is die kleinste kombinasie van letters waarin ’n woord volgens die spelling daarvan verdeel kan word met die oog op afbreking aan die einde van ’n reël. Elke lettergreep moet minstens een vokaalletter bevat. ’n Oop lettergreep eindig met ’n klinker en ’n geslote lettergreep met ’n medeklinker.

(AWS 2017: 723)

Hoe moet ons hierdie definisie interpreteer?

Die definisie sê vir ons ’n paar belangrike goed oor lettergrepe:

- ’n Lettergreep word in Engels ’n “syllable” genoem. Dit het veroorsaak dat sommige skrywers ook in Afrikaans na ’n “sillabe” verwys as hulle van ’n lettergreep praat.
- ’n Lettergreep het te doen met letters van die alfabet, wat beteken ’n mens kan dit net sien. ’n Mens moet lettergrepe neerskryf om te weet wat dit is.
- ’n Lettergreep bestaan ten minste uit ’n klinker (letter wat ’n vokaal voorstel).
- Daar kan medeklinkers (letters wat konsonante voorstel) ook in ’n lettergreep wees, maar hulle gaan aan die begin en/of aan die einde van die lettergreep voorkom.
- ’n Lettergreep wat op ’n klinker eindig, is oop. ’n Lettergreep wat op ’n

medeklinker eindig, is geslote.

Hoe herken ’n mens lettergrepe?

Die bron wat ’n mens die beste help om te verstaan hoe lettergreepverdeling werk, is die AWS. Daar is nie ’n hoofstuk in die AWS oor lettergrepe nie, maar die eerste hoofstuk van die AWS gaan oor die afbreek van woorde aan die einde van ’n reël, en woorde word volgens lettergrepe afgebreek. As ons dus daardie reëls nagaan, kan ons aflei hoe om lettergrepe in woorde te herken.

VivA het reeds so ’n ondersoek gedoen en in hierdie blog op hulle webblad verduidelik hoe lettergreepverdeling werk.

Die volgende beginsels kan help met lettergreepverdeling. Dit is nie reëls nie, daarvoor moet ’n mens die AWS raadpleeg. Maar as ’n mens dit in hierdie volgorde toepas, behoort dit nietemin te help:

Eenlettergrepige woorde verdeel ’n mens nie verder nie:

sneeu	*luis*	*gras*	*pruim*

Diftonge word nie verdeel nie:

sneeu-val	*ooi-lam*	*kraai-vlerk*	*brei-naald*

Die heel eerste verdeling is volgens betekenisvolle dele. Dit beteken ons verdeel meestal tussen stamme en tussen stamme en affikse.

rugby-afrigter	*skool-uniform*	*gala-geleentheid*	*personeel-kamer*	*bang-broek*	*ver-klik*	*ont-neem*
van-oggend	*va-naand*	*pas-op*	*boelie-agtig*	*besiens-waardig*	*weten-skap*	*bio-logie*

’n Glottisklap merk dikwels die skeiding tussen lettergrepe waar twee vokale langs mekaar staan:

be-angs	*ge-olie*	*ge-uiter*

Die deelteken word gebruik om die begin van ’n lettergreep aan te dui waar ’n opeenhoping van vokale dit moeilik maak om die onderskeid te maak:

di-ë-te	*ge-ïn-te-res-seer*

As daar een konsonant is, is die verdeling meestal voor die een konsonant, buiten as die konsonant x is (maar onthou van die betekenisvolle dele wat

veroorsaak dat ons verdelings soos *pas-op* en *van-oggend* kan kry):

u-ni-form	*ga-la*	*ka-mer*	*A-lex-a*

As daar twee konsonante is, is die verdeling meestal tussen die twee konsonante. Dit geld ook vir twee identiese konsonante en die kombinasie van n en g waar dit een klank voorstel. Dit geld nie vir die kombinasie van s en j of t en j waar dit een klank voorstel nie, en dit geld nie vir gevalle waar die tweede konsonant l of r is nie:

rug-by	*af-rig-ter*	*og-gend*	*in-gooi*	*ban-ger*
as-jas	*sy-sjaal*	*sy-tja-lie*	*ba-klei*	*pro-gram*

As daar drie of meer konsonante is, moet jy die reëls in die AWS of die blog raadpleeg, want daar is ’n klomp uitsonderings en wisselvorme. Kyk altyd eers of die beginsel van betekenisvolle dele jou nie dalk kan help nie:

yster-staaf	*aand-skoene*	*sy-straat*	*op-skryf*	*fru-streer* of *frus-treer*

By verkleinwoorde moet jy ook die beginsel van betekenisvolle dele toepas. Waar die stam nie op ’n d of t eindig nie, breek ons voor die -tjie af. As die stam op d of t eindig, breek ons ná die stam af:

vrou-tjie	*tuin-tjie*	*lui-tjie*	*fout-jie*	*mond-jie*

Waar die verkleiningsvorm deur -kie gevorm word, skei ons tussen die n en die k:

ban-kie	*ko-nin-kie*

Daar is ’n verskil tussen ’n lettergreep en ’n woorddeel. ’n Affiks is nie noodwendig ’n nuwe lettergreep nie. Dit kan ’n nuwe lettergreep wees as daar ’n vokaal betrokke is:

le-wens-lank	*borg-skaps-aan-soek*	*maan-haar-leeus*	*le-de*

Hoe stel ’n mens lettergrepe voor?

Lettergrepe word gewoonlik met die letters van die alfabet voorgestel en die

verdeling word met ’n gewone koppelteken, sonder spasies weerskante, aangedui. Dit is nie nodig om hakies of enige spesiale lettertipe daarvoor te gebruik nie. (Dit is hier kursief gedruk omdat dit voorbeelde is.):

be-sproei-ing	*ver-kor-ting*	*pro-se-du-re*	*lid-maat-skap*	*in-ter-sko-le*
bui-ten-ge-wo-ne	*werks-win-kel*	*toi-ing*	*mos-kee*	*aard-ver-war-ming*
uit-saai-reg-te	*ko-nink-ryk*	*spe-si-aal*	*be-lof-te*	*ge-hal-te*
ver-mor-sing	*lek-ka-sie*	*han-de*	*bal-le*	*bob-be-jaan-man-ne-tjie*

Lees hierdie artikels om nog meer te leer

- **Sinsleer**
- **Simplekse en komplekse sinne**
- **Klankleer**
- **Woordsoorte**
- **Leestekens**